# TWEE NUWE WITSAND BOEKE

## deur Jan Langenhoven

**Gedruk op A4 grootte glanspapier met meer as 320 bladsye elk.**
**Saam bevat hulle meer as 1300 foto's.**

Hierdie boeke volg op die publikasie van die boek *Gooi los!* wat die skrywer reeds in 2012 gepubliseer het en waarin al die lekker stories oor die vissermanne van die Witsand vertel is.




**Hardeband: R430**




**Hardeband: R430**

## SPESIALE AANBOD
### Sagtebandboeke



**R720**

**Beide boeke in 'n bêreboksie. Dan kos hulle slegs R360 elk, maar dan moet die stel van twee gekoop word.**

***"Dit is 'n groot historiese skat wat jy vir die Witsand, sy mense en die omgewing daargestel het. Hoe langer 'n mens met die pragstuk boeke deurmekaar raak, hoe meer kom jy tot die besef met watter gedugte en besonderse stuk navorsing jy te doen het. Daar is min plekkies in die wêreld wat die voorreg het om hul geskiedenis op so 'n wonderlike en merkwaardige manier met foto's, staaltjies en interessante vertellings geboekstaaf te kon kry."*** **Piet Sands Uys, Witsand.**

***"Die stel boeke is eenvoudig 'n meesterstuk!"*** **Prof Johan Fagan, Universiteit van Kaapstad.**

**Tans te koop op Witsand, Swellendam (Bokmakiri Boekwinkel, Drostdymuseum en Agriland), Heidelberg (Agriland) en Stilbaai (Affordable Furniture).**

Posbestellings kan per e-pos geplaas word by ***jan@langenhoven.net***

***KYK OOK AGTEROP***

## OORSIG VAN DIE INHOUD VAN DIE BOEKE

### WITSAND *Terugreis*

Die sandplaat en "lagoon"
'n Monding by die baaiplek
Waaisand in die ou Witsand
Toegewaaide huise
Speletjies in die sandkoppe
Vakansies in die ou dae
Strand toe met 'n ossewa
Vakansiefoto's uit die verlede
Die ou badhuisies
Die kampeerterrein
Kampopsigters deur die jare
Die getyswembad
Putte, boorgate en brakwater
Die Rademans se losieshuis
Nella se winkel
Mies van Wyk se winkel
Sands supermark
Vroeë inwoners (Van Piet le Roux tot Koen Muller en van tant Voëlie Lourens tot tant Maraai Nothnagel)
Die Witsandse poskantoor
Posryers van die ou tyd
Dinah Germishuys die sentrale
Die Witsandse laerskool
Die legendariese juffrou Tulleken
Oudleerlinge van die skool
Kerke en kerkdienste
CSV Stranddienste

**Oor Tant Maraai se tande:**
Tant Maraai Nothnagel kom eendag by my in die poskantoor met 'n geel Rembrandt van Rijn-sigaretboksie. Sy maak hom voor my oop en daar lê haar valstande. Sy sê: "Dinah, jy moet dit vir my wegstuur Riversdal toe, my tande het gebreek, hulle moet dit regmaak." Daarmee oorhandig sy dit aan my. Wat kon ek nou sê? Ek moes die pakkie self met vaalpapier toedraai, 'n kaartjie aansit, die tandarts se adres uitvind en opskryf, en die pakkie vir haar pos. Stap jy nou vandag by 'n poskantoor in en oorhandig jou tande aan die posmeester . . .
***(Dinah Germishuys)***

### WITSAND *Terugblik*

Stigting en ontwikkeling
Witsand se waterskema
Van kliphuise tot kastele
Die eienaars van elke erf
Die Ou Pastorie en die "Lighuis"
Paaie en hekke
Die nagkar en die donkies
Die nagkardrywers deur die jare
Die lewe in die ou Witsand
Dansplekke in die Witsand
Losieshuise en hotelle
Oysterbeds en Lucky Strike
Boere en bywoners
Plase van die omgewing
Port Beaufort vanaf 1880
Groot vloede
Die pont wat weggespoel het
Verdrinkingstragedies
Vliegtuigongeluk in 1953
Begrafniskloof en sy grafte
Die Moodie gedenkteken
Moodie se puts
Die Chub en ander stoomskepe
Die Hollanders bou 'n seiljag.

**Elke boek beslaan 320 A4 bladsye. Saam bevat hulle meer as 1300 foto's.**

**Oor boublasie-medisyne:**
'n Bloublasie het my gesteek. Ons huisie was langs die van die Lingenfelders in Kabeljoustraat. Oom Johnnie Lingenfelder het seker my angsgeskree gehoor en hy kom te voorskyn. Saam met hom was ook oom Frikkie Geldenhuys, slaghuiseienaar van Heidelberg, en sy seun Willempie. Oom Johnnie gee toe op sy stadige, temerige manier vir my ma die raat: "Ag Joey, vat net 'n bietjie brandewyn en smeer dit aan die kind se been." Hier antwoord Willempie Geldenhuys van die kant af: "Nee, gits Oom, dit kan jy nie doen nie. Gee hier, ek sal die brandewyn drink, dan smeer ek liewer spoeg aan!" ***(Baby van Dyk))***

### TALLE STAALTJIES

**Oor 'n oorlamse vryersklong:**
Toe kom hy my haal en hy stap met my daar af na die sandkoppe toe. Toe lê ons nou kastig daar teen 'n sandkop en vry, maar ek voel steeds skrikkerig. Daar haal hy 'n groot tjoklit uit en hy gee dit vir my en toe sê hy: "Ek wil jou wys hoe die Kaapse kêrels vry." Dis toe dat ek vreeslik bang word en ek spring op en ek gryp my tjoklit en ek hardloop huis toe dat die sand sulke boë maak. Ek hol, maar ek klou aan my tjoklit!
***(Sannie Human)***

**Oor beurtbaaiery by die see:**
Voor 1920 het mans en vrouens, wat saam in die Witsand vakansie gehou het, nooit saam in die see gaan swem nie, maar beurte gemaak. Die oumense het nie van swem gepraat nie, hulle het gesê hulle baai. Terwyl die vrouens baai, het die mans agter 'n sandkop hulle beurt afgewag. Daar was 'n wag wat bo-op die duin gestaan het en eers wanneer hy op sy fluitjie geblaas het, moes die een groep uitkom sodat die ander kon ingaan.

**'n Beperkte oplaag is gedruk. Koop hierdie wonderlike boeke gou! Dit gaan versamelstukke word!**